# Les 25 JOSEF GLO IN GOD SE SORG: VERTROU EN BELY

## 1. Josef gee sy twee seuns baie spesiale name

Josef het twee seuns gehad en elkeen ’n baie spesiale naam gegee. Kom ons lees saam watse name Josef hulle gegee het:

*“[47]Tydens die sewe jaar van oorvloed het die land ’n buitengewone groot oes gegee, [48]en Josef het al die graan wat daar in hierdie jare in Egipte was, bymekaargebring en in graanskure gebêre: in elke stad is die graan uit die lande van daardie omgewing gebêre. [49]Josef het so baie koring bymekaargemaak dat dit net soveel was as die sand van die see. Hy het later opgehou om aan te teken hoeveel daar was, want dit was te veel om te tel. [50]Reeds voor die jare van hongersnood begin het, is daar vir Josef twee seuns gebore. Sy vrou Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, het hulle vir Josef in die wêreld gebring. [51]Hy het die oudste Manasse genoem, “want,” het hy gesê, “God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.” [52]Josef het sy ander seun Efraim genoem, “want,” het hy gesê, “God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.” [53]Na die sewe jaar voorspoed in Egipte [54]het die sewe jaar hongersnood begin. So het Josef dit destyds aangekondig. In al die lande was daar hongersnood, maar in die hele Egipte was daar kos, [55]want toe die hongersnood Egipte tref en die mense vir die farao kos vra, het hy vir al die Egiptenaars gesê: “Gaan na Josef toe en doen wat hy sê.” [56]Oor die hele wêreld was daar hongers-nood, en toe dit straf word in Egipte, het Josef die graanskure oopgesluit en wat daarin was, aan die Egiptenaars begin verkoop. [57]En toe die hongersnood straf word in die ander lande, het die mense van die hele wêreld Egipte toe gekom om koring te koop by Josef.”* (Gen. 41)

Josef het sy twee seuns Manasse en Efraim genoem. Hierdie name was baie spesiaal.

## 2. Elke naam het ’n betekenis

Elke seun se naam het ’n spesiale betekenis gehad. Baie mense se name is nie sommer net name nie. Dit is name wat iets beteken. Die naam “Petrus” beteken “rots”, “Alex” beteken “beskermer van mense”, “Carla” beteken “sterk vrou”, “Anna” beteken “grasieus”, “Irma” beteken “volmaak”, “Albert” beteken “edel”, “Vanessa” beteken “skoenlapper”, “Dawie” beteken “geliefde”, “Jackie” beteken “om te beskerm” en “Elsie” beteken “aan die Here gewy ”.

Kyk wat beteken Josef se twee seuns se name:
Manasse beteken: “God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.”
Efraim beteken: “God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.”

### 3. Elke seun se naam wys hoe die Here vir Josef gesorg het

Elke seun se naam wys hoe die Here vir Josef gesorg het.

Manasse se naam wys dat die Here elke ding waarmee mense Josef wou seermaak, gebruik het om vir Josef goed te wees.

God het sy pa se verkeerde verhouding, sy boeties se haat en jaloesie, die sakemanne se gierigheid, die tannie se snaaksheid en die bendemaats se misbruik alles gebruik om Josef ’n belangrike man te maak wat ander mense moes help om nie van die honger dood te gaan nie.

Daarom beteken die naam Manasse dat God Josef laat vergeet van al hierdie swaarkry van mense wat hom wou seermaak. Hy onthou nie hoe die mense lelik met hom was en hoe hulle hom wou seermaak nie, hy onthou hoe God vir hom goed was.

Efraim se naam wys dat die Here in ’n vreemde land, waar Josef deur vreemde mense verneder is, dieselfde mense gebruik het om Josef te respekteer en te eer vir die belangrike werk wat hy vir hulle gedoen het en vir hoe hy hulle gehelp het om nie van die honger dood te gaan nie.

### 4. Die twee seuns se name is ’n belydenis van geloof

Dit maak die seuns se name baie spesiaal. Hulle name wys hoe hulle pa, Josef, in die Here geglo het. Ons noem dit ’n geloofsbelydenis. ’n Geloofsbelydenis is wanneer jy openlik wys hoe jy in jou hart en met jou verstand, op die Here vertrou.

’n Geloofsbelydenis maak die onsigbare geloof in mense se hart en verstand, sigbaar. Elke keer as mense hierdie seuns op hulle name noem, dan wys dit hoe Josef, hulle pa, op die Here vertrou het.

Josef het geweet die Here sal al die lelike dinge wat mense met hom wou doen, gebruik om vir hom te sorg en vir hom goed te wees en daarom was hy elke keer seker dat die lelike dinge wat mense van hom gedink het en met hom wou doen, nooit waar sal word nie. Hy was seker dat die Here se goedheid altyd vir hom waar sal word. Sy seun, Manasse, se naam het hierdie geloof in sy hart en verstand, openlik vir mense gewys.

Josef het geweet dat die Here hom sal gebruik en dat vreemde mense vir hom sal respek kry vir hoe hy hulle help, ook in ’n vreemde land, en daarom was hy altyd seker dat hy moes doen wat die Here vir hom wys om te doen. Hierdie geloof in hoe die Here hom sal gebruik en hoe mense bly sal wees dat hy hulle help, was

onsigbaar in Josef se gedagtes en gevoelens. Maar sy seun, Efraim, se naam het sy geloof openlik gewys.

Om jou geloof in die Here hardop te sê sodat mense kan hoor en weet hoe jy op die Here vertrou, noem ons ’n geloofsbelydenis.

**5. Ons bely ook ons geloof in die Here**

Ons bely ook ons geloof in die Here. Ons doen dit in die kerk wanneer ons almal saam sê hoe ons in die Here se goedheid en liefde glo. Die manier waarop alle Christene bely dat hulle in hulle harte en gedagtes op die Here se goedheid en liefde vertrou, klink so:

“Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here,
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; opgevaar het na die hemel en
sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;
ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes; die opstanding van die liggaam
en ’n ewige lewe.”

Elke keer wanneer ons as Christene in die kerk ons geloof so saam bely, dan wys ons dat ons ook in ons harte glo in God se goedheid en liefde, nes Josef dit gewys het met sy twee seuns se name: Manasse en Efraim.

**6. Vergeet en werk**

Hoe verander dit ons lewe wanneer ons glo God sorg vir ons net soos Hy vir Josef gesorg het?

Die twee seuns se name wys ons hoe dit ons lewe verander.

“Manasse” beteken ons vergeet van hoe seer en lelik mense met ons was, en ons onthou hoe goed God vir ons was met al die slegte dinge wat mense van ons gesê het, of vir ons gewens het.

“Efraim” beteken ons weet dat God ons in ’n vreemde land, met vreemde mense wat ons net wil wys ons is sleg en niks, so sal gebruik dat dieselfde mense bly en dankbaar sal wees vir die werk wat ons vir die Here doen.

**7. Onthou en baklei**

Hoe gaan mense leef wat altyd net onthou hoe lelik mense met hulle was en glo ander mense se slegte wense is die oorsaak van hoe hulle lewens lyk? Dit gaan maak dat hulle altyd kwaad is en voel hulle moet ander mense terugkry vir die kwaad wat hulle hul aandoen.

Hoe gaan ons leef as ons glo vreemde mense kry dit reg om ons vir altyd niks en sleg te maak, en dit sal altyd so bly? Dit maak dat ons net wil baklei.

Kan julle sien hoeveel mense wil vandag net onthou en baklei? Hulle glo nie meer dat God sorg nie. Hulle glo dat God nie vir ons kan sorg as mense lelik met ons is nie. Daarom dink hulle al wat help is om te onthou hoe seer jy gekry het, en om te baklei.

Vir Christene is dit anders: ons glo en bely! Ons glo God sorg vir ons en Hy gebruik mense se lelikheid om vir ons goed te wees, en Hy gebruik ons om vir vreemde mense goed te wees sodat hulle ons nie meer wil verneder nie, maar ons eer. Daarom hou Christene altyd aan om te vergeet en te werk.

**8. Hoe gaan ons dit onthou?**

Onthou net wat is Josef se seuns se name en wat beteken hierdie twee seuns se name:

Manasse beteken: “God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.”
Efraim beteken: “God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.’’

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog